higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N420**(A)**(N20)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

OPVOEDKUNDIGE SIELKUNDE N5

(20060105)

20 November 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
OPVOEDKUNDIGE SIELKUNDE N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Laat 'n reël oop na elke onderafdeling.
5. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.
6. Skryf netjies en leesbaar.

GS

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Kinders uit enkelouergesinne is geneig om meer onafhanklik te wees.

1.1.2 Babas leer om te sosialiseer deur hul ouers se gedrag na te boots.

1.1.3 Televisie en beelde op sosiale media kan moontlik vir kinders nuwe aggressievaardighede leer.

1.1.4 Freud het vier basiese elemente in materie geïdentifiseer wat 'n persoon se temperament kan bepaal.

1.1.5 Onderhoude vir persoonlikheidsvaluering kan nadelig wees, omdat hulle tydrowend kan wees.

1.1.6 Ouditiewe persepsie is nie 'n belangrike vaardigheid wat 'n kind benodig om die gesproke of geskrewe woord te verstaan nie.

1.1.7 Teen tweejarige ouderdom het 'n baba 'n woordeskat van tussen 1 000 en 2 000 woorde verwerf.

1.1.8 Intelligensie, asook genetika, speel 'n rol in die kind se ontwikkeling.

1.1.9 Hakkel hou gewoonlik aan totdat die persoon volwasse is.

1.1.10 Navorsing het getoon dat tweetaligheid geen uitwerking op akademiese vordering het nie.

(10 × 2) (20)

Kopiereg voorbehou

1.2 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–C) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 'n Kind wat angstig en gespanne is en bang is om te praat, kan ... ervaar.

A afasie
B erge emosionele probleme
C outisme

1.2.2 ... is 'n ernstige geestesongesteldheid waarin 'n kind of persoon se kontak met die werklikheid verwronge raak.

A Psigose
B Afasie
C Outisme

1.2.3 Die kind maak foute met sinstruktuur, byvoorbeeld met die gebruik van voornaamwoorde, werkwoorde en tye:

A Onvoldoende woordeskat
B Taalontoereikendhede
C Taalfoute

1.2.4 'n Spesialis of deskundige word aanbeveel om die kind se probleem te behandel:

A Voorskrif
B Verwysing
C Diagnose

1.2.5 Die kind sukkel om die 's'- of 'z'-klanke uit te spreek:

A Elektiewe mutisme
B Hakkel
C Lispel

1.2.6 ... is 'n komplekse en georganiseerde idee van 'n persoon as 'n geheel, en sluit in kognitiewe, emosionele en evaluerende (waardebepalende) aspekte.

A Selfagting
B Selfbegrip
C Identiteit

Kopiereg voorbehou

1.2.7 Die tydperk van verwarring en eksperimentering wat adolessente dikwels beleef voordat hulle hul plek in die samelewing vind:

A Geslagsrol-identiteit
B Eksperimentering
C Identiteitskrisis

1.2.8 Die adolessent het die krisistydperk beleef en het nou 'n sterk verbintenis tot 'n loopbaan:

A Identiteitsmoratorium
B Identiteistbereiking
C Identiteitspreiding

1.2.9 Die proses van identiteitsontwikkeling is die aanvaarding van die self as hetsy manlik of vroulik:

A Geslagsidentiteit
B Intellektuele verandering
C Fisiese ontwikkeling

1.2.10 Tree op as 'n verwysingsgroep wat aan die adolessent die geleentheid bied om sy of haar eie gedrag, probleme, behoeftes en doelwitte te evalueer:

A Klasgroep
B Portuurgroep
C Manlike eweknieë

(10 × 2) (20)

Kopiereg voorbehou

1.3 Kies 'n item/'n term/'n woord/'n beskrywing uit KOLOM B om by 'n item/'n woord/'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–K) langs die vraagnommer (1.3.1–13.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.3.1	Vriendskap	A	ouers kan te streng straf toedien, wat skuld kan laat ontstaan
1.3.2	Vertroue versus wantroue	B	gebruik statistiese ontleding soos geldigheid, betroubaarheid en konsekwentheid
1.3.3	Outonomie versus twyfel en skaamte	C	lede volg omdat hulle bang is vir die leier
1.3.4	Inisiatief versus skuld	D	die adolessent kan uitdrukking gee aan sy of haar angstigheid, skuld en wrokkigheid jeens die samelewing sonder vrees vir verwerping of spot
1.3.5	Projektiewe toetse	E	fisiese eise, taakeise, rolstres
1.3.6	Opnames	F	veralgemenings oor die tipiese kenmerke van 'n groep
1.3.7	Samelewing	G	indien 'n kind misluk, sal hy of sy gevoelens van skuld en skaamte ervaar
1.3.8	Outoritêre leier	H	ouers moet in die kind se basiese behoeftes voorsien
1.3.9	Stres by die werk	I	die vlak van modernisering van die samelewing waarin die adolessent grootword, beïnvloed sy of haar kognitiewe volwassenheid
1.3.10	Stereotipe	J	toon besorgdheid vir groeplede se gevoelens en belange
		K	'n goeie metode om 'n kind se persoonlikheid te toets as die navorser nie vrae direk vra nie

(10 × 1) (10)
[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 Die familie of gesin is die belangrikste sosialiseringsagent in 'n kind se lewe.

Noem VIER areas waarin die gesin/familie die kind se sosialisering beïnvloed. (4 × 2) (8)

2.2 Noem VYF voorbeelde van massamedia. (5)

2.3 Verduidelik die karaktereienskappe van 'n kind wat pro-sosiale gedrag vertoon. (3 × 2) (6)

2.4 Noem die eerste DRIE stadiums van Erikson se psigososiale ontwikkelingsfases. (3 × 2) (6)

2.5 Pas die temperament in KOLOM by die persoonlikheidstipe in KOLOM B. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (2.5.1–2.5.4) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.5.1	Sanguinies	A	doener
2.5.2	Choleries	B	selfvergenoegd en goedhartig
2.5.3	Melancholies	C	ekstrovert
2.5.4	Flegmaties	D	selfstandig en onafhanklik

(4 × 2) (8)

2.6 Psigoterapie is 'n algemene vorm van persoonlikheidsevaluering.

2.6.1 Omskryf *psigoterapie.* (3)

2.6.2 Noem EEN voorbeeld van psigoterapie. (2)

2.6.3 Noem TWEE nadele van psigoterapie. (2 × 2) (4)

2.7 Noem DRIE informele metodes van persoonlikheidsevaluering. (3)

2.8 Bespreek *ego* as 'n bron van konflik volgens Freud se psigo-analitiese teorie. (5)

[50]

VRAAG 3

3.1 Onderskei tussen *reseptiewe taalbegrip* en *ekspressiewe taalbegrip*. (2 + 2) (4)

3.2 Noem VYF vorme van nieverbale kommunikasie. (5 × 2) (10)

3.3 Gee SES algemene riglyne aan ouers oor hoe om 'n kind se taalontwikkeling te verbeter. (6 × 2) (12)

3.4 Beskryf kortliks hoe elk van die volgende faktore 'n kind se taalontwikkeling beïnvloed:

3.4.1 Omgewing (4)

3.4.2 Rolmodel (3)

3.4.3 Persoonlikheid (3)

3.5 Noem DRIE soorte tweetaligheid. (3 × 2) (6)

3.6 Noem VIER probleme wat 'n outistiese kind kan ervaar. (4 × 2) (8)

[50]

VRAAG 4

4.1 Noem VIER veranderings wat tydens adolessensie plaasvind wat die vorming van identiteit in 'n jong volwassene kan beïnvloed. (4)

4.2 Noem DRIE kenmerke van 'n kind met 'n positiewe selfbegrip en DRIE kenmerke van 'n kind met 'n negatiewe selfbegrip. (3 + 3) (6)

4.3 Bespreek die invloed van die portuurgroep in die ontwikkeling van die adolessent. (4 × 2) (8)

4.4 Noem 10 kenmerke wat vertoon word deur adolessente wat deur hul portuurgroep aanvaar word. (10)

4.5 Onderskei kortliks tussen 'n *leier* en 'n *volgeling*. (2 + 2) (4)

4.6 Gee VYF algemene oorsake van stres. (5)

4.7 Noem VYF fisiese uitwerkings van stres en VYF emosionele uitwerkings van stres . (5 + 5) (10)

4.8 Noem DRIE tipes gesinne wat in die moderne samelewing gevind word. (3)

[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou